Wes-Kaapse Provinsiale Parlement
Western Cape Provincial Parliament
IPalamente yePhondo leNtshona Koloni

OPENBARE KENNISGEWING OM AANSOEKE TE ONTVANG VIR DIE POS VAN WES-KAAPSE STAATSDIENSKOMMISSARIS

(Kommissaris aangestel deur die President ná benoeming deur die Premier)

Die Staatsdienskommissie kom tot stand ingevolge artikel 196(1) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, en sy mandaat is om die waardes en beginsels van die openbare administrasie wat in artikel 195 van die Grondwet uiteengesit is, te bevorder en om die organisasie en administrasie, en die personeelpraktyk, van die staatsdiens te ondersoek, te monitor en te evalueer. Die Kommissie inisieer ondersoeke en navorsing op sy eie en reageer op versoeke van provinsiale en nasionale staatsorgane.

Die suksesvolle kandidaat moet 'n Suid-Afrikaanse burger wees en 'n geskikte en gepaste persoon wees met kennis of ervaring van administrasie, bestuur of die verskaffing van openbare dienste. Hy of sy moet oor die potensiaal en vermoë beskik om regeringspraktyk- en strategiese leiding aan die Staatsdienskommissie te verskaf en hy of sy moet in staat wees om prosesse en inisiatiewe te lei om die grondwetlike waardes en beginsels in die openbare administrasie en integriteit in die staatsdiens te bevorder.

Nadat 'n Kommissaris deur die Premier van die Wes-Kaap benoem is en ná aanbeveling deur die Provinsiale Parlement van die Wes-Kaap, stel die President een Kommissaris vir die Wes-Kaap in die Staatsdienskommissie aan. Die suksesvolle aansoeker moet vanaf 1 Januarie 2018 beskikbaar wees.

Skriftelike en elektroniese aansoeke moet vergesel wees van 'n bewys van Suid-Afrikaanse burgerskap, kwalifikasies, referente wat gekontak kan word, en 'n gedetailleerde curriculum vitae.

Aansoeke moet gerig word aan: Die Sekretaris (Aandag: Me L Cloete), Wes-Kaapse Provinsiale Parlement, Waalstraat 7, Kaapstad 8000. Aansoeke kan ook elektronies ingedien word deur 'n e-pos te stuur aan lhcloete@wcpp.gov.za.

Navrae moet gerig word aan me L Cloete (tel: 021 487 1678; faks: 021 487 1685; e-pos: lhcloete@wcpp.gov.za).

Die sluitingsdatum vir aansoeke is Maandag 6 November 2017 om 15:00.

Uitgereik deur mnr D Joseph (LPP), Voorsitter van die Ad hoc-komitee vir die Benoeming van 'n Staatsdienskommissaris

Posbus 648, Kaapstad
8000, Suid-Afrika

PO Box 648, Cape Town
8000, South Africa

PO Box 648, Ekapa
8000, Mzantsi Africa

www.wcpp.gov.za
+27 21 487 1600

Human Communications C138093